

Madiba het die belang van vergifnis vir herstellende en helende geregtigheid onderstreep

Nico Koopman*

Voormalige president Nelson Mandela het die weg gebaan vir ons voortgesette strewe na herstellende en helende geregtigheid in ons land. Nes emeritus aartsbiskop Desmond Tutu, het hy die belang van vergifnis onderstreep om 'n nuwe Suid-Afrika te bou wat deur vrede en geregtigheid gekenmerk word. Omdat Madiba 'n ikoon van vergifnis was, is vanjaar se Nelson Mandela Internasionale Dag (18 Julie) 'n gulde geleentheid om oor hierdie kernkwessie in 'n demokratiese Suid-Afrika te besin.

Vergifnis word dikwels verkeerd verstaan. Baie mense beskou vergifnis as die einde van die pad. Die skuldige partye moet hulle wandade bely, om vergifnis vra, vergifnis ontvang en lank en gelukkig leef. Tog is vergifnis eintlik die begin van die reis. Vergifnis is 'n handeling van gasvryheid. Dit is 'n uitnodiging aan skuldige partye om deel te hê aan praktyke van berou en bekentenis, spyt en boetvaardigheid, versoening en herstel, regstelling en restitusie. Vergifnis wat nie die begin van die reis is nie, is goedkoop en verwronge; dit is geskonde vergifnis.

Ons moet dwalings en misvattinge oor vergifnis uit die weg ruim, veral in 'n samelewing waar vergifnis so 'n kernrol in ons politieke lewe speel. Gedurende die oorgang na demokrasie, by die Kommissie vir Waarheid en Versoening en in die openbare lewe in die algemeen, is daar soveel vergifnis getoon. Hierdie grootse heldedade van vergifnis behoort nie as die einde van die pad beskou te word nie, maar as aanmoediging tot 'n gesamentlike en dringende reis na 'n lewe van waardigheid en geregtigheid vir almal. Waar dade van vergifnis nie met herstel beantwoord word nie, word dié wat hulle vergifnis aanbied opnuut seergemaak en verontreg.

Die vergifnisreis het herstellende geregtigheid, helende geregtigheid, as eindbestemming. Dit is nie 'n reis van vrees en angs nie. Dit is nie een waar ek vir die res van my lewe vernedering en verwerping, stigmatisering en demonisering, vergelding en vernietiging, manipulasie en gedweënheid hoef te vrees nie. Dit is 'n reis waar ek weet ek is van my skuld bevry. Ek is vergewe. Ek is vrygemaak om geregtigheid vir almal te bewerk.

Nou het ek 'n ruimte waar ek my spyt en berou vreesloos kan verwoord. Spyt, berou en boetvaardigheid is om te rou oor die inherente onreg van my opvattinge, besluite en dade. Dit is nie net om spyt en hartseer te wees oor die gevolge van die onreg, so asof die beweegrede suiwer en goed was nie. Dit is om byvoorbeeld oor apartheid te sê dat dit inherent verkeerd was in ontwerp, aard én wese. Nie net die gevolge daarvan was verkeerd nie. Apartheid was 'n berekende model van rassevooroordeel wat die opsetlike ontwikkeling van rassistiese strukture gerig het. Sowel die bewuste as onderbewuste vooroordele én die gepaardgaande strukture is deur gesofistikeerde, rassistiese wêreldsienings geregverdig.

Hierdie spyt, berou en boetvaardigheid oor die inherente onreg en tragedie van apartheid lei tot bekentenis. Om iets te beken is om te sê wat skeefgeloop het en eienaarskap daarvoor te aanvaar. Dit is om verantwoordelikheid te aanvaar as 'n aktiewe pleger van onreg; 'n passiewe en stilswyende toeskouer wat nie ag gegee het nie, en nog lank ná die

onreg bevoordeel is. Slegs in die teenwoordigheid van vergifnis vind ons die moed en krag om te beken en verantwoordelikheid te aanvaar. Diegene wat beken omdat hulle die implisiete uitnodiging en smeking uit vergewensgesinde harte hoor, ontvang die krag om die skande en smet van hulle onreg te hanteer.

Maar wanneer ons beken, ervaar ons ook méér. Ons ervaar dat mense ons wil omarm en saam met ons na benaderde – nie volledige nie – vorme van herstel, regstelling en restitusie wil soek. Ons weet absolute herstel is meestal onmoontlik. Niks kan vir 'n verlore lewe vergoed nie. Niks kan ten volle vergoed vir eiendom, 'n gesinslewe en maatskaplike samehang wat weens gedwonge verskuiwings in die slag gebly het nie. Niks kan ten volle daarvoor vergoed dat so baie mense beroof is van die geleentheid om hulle potensiaal te verwesenlik nie.

Nietemin kán en móét berou en bekentenis oor onreg, en die aanvaarding van aanspreeklikheid daarvoor, gepaardgaan met 'n lewe wat toegewy is aan waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid – soos die Handves van Regte in ons Grondwet sê. Daarbenewens kan berou ook uitgespreek word op ons reis saam met spesifieke persone en groepe persone wat onreg aangedoen is én in ons gesamentlike soeke na spesifieke vorme van regstelling in spesifieke omgewings.

Herstellende en helende geregtigheid word dus eerstens deur individuele en gemeenskaplike praktyke van spyt, berou, boetvaardigheid en bekentenis bewerk. Tweedens kan dit bevorder word deur ons gesamentlik te verbind tot die lewe wat die Handves van Regte vir alle mense, veral vir die kwesbaarstes, beoog. In dié verband behoort die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte voorrang te geniet. En derdens kan ons dit deur spesifieke situasies van regstelling in spesifieke kontekste bereik.

Vennootskappe tussen ons staat- en korporatiewe sektore, akademiese instellings, die media en die burgerlike samelewing – waaronder godsdienstige organisasies – is deurslaggewend vir hierdie reis. So, terwyl ons Madiba se lewe vier en sy nalatenskap gedenk, kom ons leer van mekaar op ons reis in plaaslike, kontinentale én wêreldverband om ware herstellende en helende geregtigheid teweeg te bring.

***Prof Nico Koopman is Viserektor vir Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.**